

**4 Oktober**

**Skrifgedeelte: Psalm 1:1-6**

**Fokusgedeelte: Psalm 1:3**

**'n Immergroen gelowige**

'n Groen boom in 'n woestyn beteken een ding: water! So 'n boom het een of ander konstante bron van water, al is dit dikwels diep onder die grond. Wanneer die hitte en droogte die ander plante laat verlep en verdroog, bly hy groen. Sy blare verlep nie, hy dra vrugte op sy tyd, hy is 'n baken van lewe en hoop in 'n dorre, ongenaakbare wêreld.

Net só, sê die digter van Psalm 1, is dit met elke gelowige wat die Here ken en sy Woord oordink en gehoorsaam. Soos 'n baken van lewe en hoop staan hy uit in 'n wêreld wat verdroog en verlep met 'n honger en dors na die waarheid en sin van die lewe.

Hierdie waarheid moet ons egter reg verstaan. Jesus, ons Verlosser, leer ons dat ons geen waarborg het dat dit vanuit 'n menslike oogpunt net goed en voorspoedig met ons sal gaan op aarde nie. Inteendeel, ons kan juis verwag om teenspoed, terugslae en vervolging te beleef – ook weens ons eie sonde!

Maar ook dan is ons nie soos plante in die woestyn wat verdroog en verlep onder die aanslae van die lewe nie. Inteendeel, wanneer die ergste swaarkry oor ons kom, kom die onpeilbare krag van die Gees in ons lewe na vore: Hy hou ons immergroen en gee steeds vrugte in ons, op die regte tyd.

Soveel te meer is ons dan tot seën in die koninkryk van God. Want Hyself lei ons op ons lewenspad. Hy werk dit in ons dat ons ewigheidsvoorspoed oorborel in immergroen, dankbare gehoorsaamheid aan Hom en sy Woord.

*Sing: Psalm 1:1 en 2 (1936)*

*Dr EJ Smit (Vanderbijlpark-Suid)*